Ps. 105: 1, 4, 5 **Die Jeug & Sy Weg.** 1 Potch 2 Aug. 1969.
" 128 : 1, 3.
Ges. 93 : 3, 5.
" 31 : 1, 2, 3, 5.

Spr. 22: 1–6;
Efes. 6 : 1–9.

Spr. 22:6. Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie.

Die opvoeding van ons kinders is 'n saak van so groot belang dat ons nooit te veel daaroor kan sê nie. Buiten ufmôre as 'n besonder paslike geleentheid weens die feit v. d. doop, & van die aanvang van 'n nuwe Kwartaal. Vir. daar is vir ons in S. A. 'n baie sterk bykomende rede waarom die opvoeding van ons kinders meer as gewone aandag moet geniet nl. die geweldige dors na 'n beter opvoeding by d. nie-blanke v. d. toenemende getalle Kleurlinge, Indiërs & naturelle wat jaarliks skool-toe gaan. Daar is nog altyd Afrikaners wat hardkoppig & dwaas vasklou a. d. eis dat d. nie-blanke geen opvoeding & geleerdheid moet kry nie. Hulle praat asof asof dit nog moontlik is om dit te keer, terwyl dit 'n voldonge feit is wat niemand enige keer kan bied. Die vr. is nie meer: Kan ons dit keer nie? maar: kan ons aan beide ons kinders en die nie-blanke kind 'n opvoeding gee wat d. hoogste Christ. standaarde kan bereik? Wat 'n ware Christ. vrede onder blank en nie-blank kan bou?

Vandat ons egter oor „opvoeding" as sulks praat moet ons eers weet: wat is ons doel met alle opvoeding? Wat wil ons bereik?

Ons tekswoorde gee ons geleentheid om te praat oor:
I. Die ~~Roeping v.d.~~ Opvoeder. ~~Gesin~~.
II. Die Weg tot Bereiking v. d. Doel
III. Die Versekering aan Ouer & Kind

I **Die Roeping v.d. Opvoeder:** Ons teks sê: „Oefen d. seun volgens d. eis van sy weg." Een of twee geslagte gelede was dit vir d. ouer redelik maklik om te weet wat d. eis v.d. weg vir sy kind sou wees: dies. wêreld waarin d. vader opgegroei het, het vir d. kind gewag, dies. patroon van lewe het geheers. Daarom kon d. ouer betyds sy kind voorberei vir d. toekoms.

Vandag is dit totaal anders:

① Ons kinders groei op in 'n wêreld wat anders geword het, anders is as dié v. sy ouer. In een geslag het maatsk. & ekon. omwentelinge hulle voltrek wat d. huisgesin geweldig diep geraak het, en opvattinge en morele waardes aangetas het – en baie ouers verward, vertwyfeld en onseker gelaat het. // Keer op keer vra ouers hulleself vandag af: Is d. opvoeding wat ons nou aan ons kinders gee genoegsaam vir d. eise v. ons tyd?

② Nuwe idees i.v.m. die opvoeding het na vore gekom wat in botsing gekom het met die ou alg. aanvaarde oortuiginge van wat 'n Christ. opvoeding behoort te wees. Die geroep van die „vryheid v.d. kind" en d. inkorting v.d. tug het oor d. wêreld weerklink; baie kinders is geleer (wysgemaak) dat gehoorsaamheid, of werk vir 'n groot salaris die hoofstrewe i.d. lewe moet wees terwyl bv. die betekenis v.d. Christ. huwelik so (saam) verdraai of verwater is dat jongmense i.v.m. die keuse van d. grootste dwaasheid lewensmaats verval.

I.d. botsing tussen d. ou Bybelse opvattinge en d. praktyk van talle huise dwing ons om opnuut te vra: Wat is d. eis van sy weg vir d. kind soos God dit vra & stel?

Wat is d. essensiële, d. lewensbelangrike wat d. ouer & opvoeder a.d. kind moet gee?

1. **Die sekerheid van saligheid:**
   - Pers. verhouding tot Xt. Jesus
   - Uitvoering v.d. doopbelofte

2. **Gehoorsaamheid aan gesag:** (Efese 6)
   - Eers teenoor God as d. groot Gesaghebber
   - Dan teenoor ouers & meerderes as hulle wat i.d. plek v. God optree
   - Gehoorsaam aan waarhede wat ouer bring

3. **Aanbring v. Xt. deugde:** vs d. hoogste morele standaarde
   - arbeidsaamheid — eerlikheid
   - reinheid — hoflikheid
   - getrouheid — spaarsaamheid

Die Bybel sien dit as vrug van d. nuwe lewe in God

→ Hoe sien u dit alles? Wat is vir u d. hoogste en belangrikste in d. vorming van u kind? Meeste tyd en aandag gee u aan dit wat u as d. belangrikste ag? Glo u dat dit genoegsaam is om u kind te bewaar v. struikeling & val?

II **Die Weg tot Bereiking daarvan: „Oefen"**

1. **Kweking van Xt. gewoontes:**
   - Bybellees, stiltyd, gebed (afsonderlik & gemeenskaplik); Kerkbesoek, offergawe

2. **Vorming in Xt. diens:** Een of ander vorm van Xt. werk tydens d. jongmens se verbuilding

aangegryp word. sy ~~ontwikkeling~~ gaven positief ingespan word en sy liefde opgewek word. Bv. hou van S.S., besoek aan hospitale, deelname aan werkskamp (uitstuur v. sendingstasies).

– Hoeveel van ons Kinders is besig met een of ander vorm v. Xt. diens? Hoeveel ander vise oorhuis? Xt. Bly alles teorie? Hang in lug?

(3) Leiding in lew. beslissinge: Besluite oor lewensberoep, lewensmaats, lewensopvattinge. Bv. huwelik: patroon v. filmsterre, baie verbrokkelde huise. Kind v. ffmens laat twyfel: Is die troumetong wat my Xt. geloof my gee genoegsaam? Gaan dit my deurdra? Is die Bybel reg?

→ Twee maniere: a) Dwang b) Eie vb. v. gesindheid

→ My verantwoordelik: ouer – skool – kerkskool

III Die Versekering:

„Dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie"

– Moontlikheid van mislukking

– Belofte van God: